**Woensdag 25 Mei**

**Skrifgedeelte: Johannes 15:1-8**
**Fokusgedeelte: Johannes 15:4, 5**

**As julle nie in My, julle Verlosser, bly nie, kan julle nie vrugte dra wat by verlostes hoort en pas en wat Ek van julle verwag nie (vgl. Art. 24, NGB)**

God ons Vader laat ons deur die Heilige Gees as nuwe lote wedergebore word in die liggaam van Christus. Nuut gebore in ons gees sodat ons Christus voortaan daagliks in ons lewens as verlostes kan weerspieël … Elke dag meer en meer sy profeet (van Hom vertel) en priester (ons vir Hom offer) en koning (heers oor die sonde) te word en te wees.

Die verloste word ’n nuwe mens wat in staat is om weerstand teen Satan en sy versoekings te kan bied en op die nuwe lewensweg in Christus te volhard. Egter nie asof ons nou sondeloos is nie, nee, die smet van die sonde bly aan ons kleef … En as ons somtyds uit swakheid in sonde (terug)val, moet ons juis nie in die sonde bly lê nie.

Dit is die tye waarin ons deur middel van die geloof telkens opnuut kan en moet weet: Ek is deur Hom in sy liggaam ingeplant … en al het ek (tydelik) versuim om die sap van die Lewe uit sy liggaam op te neem en daarom begin verdroog, kan ek weet dat niks of niemand my geheel uit sy liggaam kan uitskeur nie.

*Sing: Skrifberyming 3-3*

*Ds. D (Dirk) Laufs (Emeritus)*